

Maandag

Ps. 113: 1- 6 – 14; Open. 12:1- 17; 17: 1- 6. Teks Open.12:10b: “Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor God aangekla het.” Tema: “Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging.” In Opg 12 is daar drie persone betrokke: Die Here, die kerk (wat sy kinders is) en die duivel. Hierdie persone word met drie beelde uitgebeeld: die kerk is die beeld van die vrou, die Here is die beeld van die kind wat gebore word en die duivel is die beeld van die draak. Die beelde wys vir ons die stryd wat daar is tussen God se liefde vir ons en die mag van sonde. Hierdie stryd tussen God se liefde en die mag van sonde word met beelde voorgehou as die stryd tussen die vrou van die Here (die kerk) en duivel en die ander vrou. Die kerk is die stralende vrou van die Here: die son is haar mooi rok, die maan is die rusbanke vir haar voete en die sterre is haar kroon. Dis simboliese taal vol betekenis. Sy is ’n vrou wat straal van geluk en welbehag. Dit is net liefde wat ’n vrou so kan laat straal van geluk en welbehag. Die liefde wat haar man haar gee verhelder haar hele lewe en dit is sy liefde wat haar so laat skyn van vreugde. Die apostel Johannes (wat Openbaring geskryf het) kry hierdie beskrywing van die Here as die son en die maan vir die kerk as stralende vrou by die profeet Jesaja. Jesaja 60: 19 en 20: “Bedags sal dit nie die son wees wat vir jou lig gee nie, snags sal dit nie die maan wees wat oor jou skyn nie: die Here sal vir jou ’n ewige lig wees en jy sal roem in jou God. Jou son en jou maan is die Here, Hy gaan nie onder nie en word nie dof nie. Die Here sal vir jou ’n ewige lig wees, jou dae van smart is verby.” Dit is die Here se liefde wat ons son en maan is! Die Here se liefde verhelder ons as gelowiges en sy liefde as God vir ons, sy kinders, maak ons stralend! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Dinsdag

Ps. 103: 1- 6 – 14; Open. 12:1- 17; 17: 1- 6. Teks Open.12: Tema: “Ons leef met die glans van God se liefde buite enige staat van beskuldiging”. Die duivel het Christus as seuntjie deur Herodes se kindermoord in Bethlehem probeer vermoor om te keer dat Jesus sy mag oor gelowiges breek. (Mat. 2:16-18; Open.12: 4,5) Christus het egter opgestaan uit die dood en aan God die Vader se regterhand gaan sit. (Open.12:5) Christus het reg en geregtigheid laat geskied as Here (Jes.9: 5 en 6) deur ’n hofsaak en strafuitdiening wat minder as ’n dag geduur het. Van Vrydagoggend vroeg tot en met sy dood aan die kruis het die Here Jesus in God se hofsaak teen Hom alle sondes se aanklagte, veroordeling en straf eenmalig afgehandel. Dit is hoe Christus reg en geregtigheid laat geskied – vinnig en finaal. Dit is die oorwinning wat gelowiges deur hulle geloof in Christus verkry het. (Open. 12: 11; 1 Joh. 5:4) Na hierdie een hofsaak en strafuitdiening van Christus in hulle plek, wat minder as ’n dag geduur het, kan daar nooit weer enige aanklag of uitgestelde straf vir gelowiges vir hulle sondes by God wees nie. (Rom. 8: 1; 31- 39) Die duivel se mag is om gelowiges “dag en nag” aan te kla. Hierdie wyse van aankla deur die duivel beteken hy is besig om gelowiges in ’n permanente staat van beskuldiging te hou. Dit is waar ’n hofsaak nooit tot ’n einde kom nie en jy jouself

permanent moet verdedig en in 'n staat van beskuldiging moet leef sonder dat die sondeskuld ooit afgehandel kan word. Die hele bedoeling van die duiwel se magsuitoefening is om gelowiges in 'n permanente staat van skuld te hou, nie om by 'n vryspraak of straf uit te kom nie. Christus het hierdie staat van beskuldiging teen gelowiges vernietig deur een vinnige hofsaak waarin Hy alle aanklagte, oordele en skuld van sonde finaal afgehandel het. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Ps. 103: 1- 6 – 14; Open. 12:1- 17; 17: 1- 6. Die duiwel kla altyd die vrou van die Here aan om die liefde van sy eie vrou as ware liefde voor te hou. Dit is die groot ontdekking wat ons moet maak wanneer hy ons aankla. Dit gaan nooit vir hom oor ons sondes nie, maar altyd oor die ander vrou, die duiwel se vrou! Die Here se vrou wat straal van al die liefde wat die Here haar gee, is sy kerk. Die duiwel se vrou is 'n prostituut, 'n slegte sedelose vrou. Hierdie prostituut is die sondige wêreld gemeenskap. Sy word beskryf in Opg. 17:13 as die vrou wat op die duiwel (die draak met die sewe koppe en tien horings of krone) se rug ry. Hierdie vrou straal nie innerlik van liefde nie. Sy blink uiterlik van mag! Uitgedos in al die wêreldse simbole van mag: pers en helderrooi klere, opgetooi met goud en edelgesteentes! Haar klere vertoon nie vroulike skoonheid nie, maar magtigheid, die wêreldse magtigheid om sonde te vier as hulle krag in die wêreld! Die duiwel se vrou word soos 'n koningin behandel vir haar magtigheid om sedeloosheid soos liefde te laat voel en lyk. Sy is 'n prostituut wat die bedrogspel speel om sedeloosheid te laat voel soos ware liefde. Die duiwel se vrou, die sondige wêreldgemeenskap, maak mense dronk met 'n goue beker vol losbandigheid. Hierdie losbandigheid kan net as ware liefde gevier word in goue bekere: losbandigheid en sonde kan net met die mag van geld en welvaart as liefde ervaar word. Dit is hoekom die duiwel die aanklaer van die Here se vrou is, sy kerk: deur gelowiges in 'n staat van beskuldiging te plaas, is hy besig om sy vrou se losbandigheid as ware liefde te probeer regverdig en die liefde van die Here se kerk onder verdenking te plaas. Preek beskikbaar op google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Ps. 103: 3 – 14; Open. 12:1- 17; 17: 1- 6. Ons leef met die glans van God se liefde bokant enige staat van beskuldiging. Die duiwel probeer die Here se kerk in haar liefde vir die Here krenk en onseker maak sodat hy (die duiwel) die wêreld se liefde vir sonde as ware liefde kan verheerlik. Sy dubbele rol as aanklaer van die kerk én beskermheer van die wêreld se sedeloosheid asof dit liefde is, kan ons vergelyk met die sedeloosheid van 'n ontroue eggenoot. So 'n man kom sommer eendag by die huis en dan beskuldig hy sy vrou dat sy nie meer mooi genoeg is nie. As sy dan begin dieet en gym, dan beskuldig hy haar dat haar hare en klere nie mooi is nie. As sy dan begin om modieus te word, dan beskuldig hy haar dat sy hom afskeep en nie meer regtig vir hom lief is nie. As sy dan moeite doen en spesiale aandag aan hom gee, dan beskuldig hy haar dat haar kos sleg is. As sy dan begin spesiale disse

maak, dan beskuldig hy haar dat sy te veel geld uitgee. Hoekom doen hy dit alles? Want hy is besig om die losbandigheid van 'n ander vrou met wie hy rondlê te regverdig as die ware liefde in sy lewe! Die vrou wat opregte liefde gee moet in 'n staat van beskuldiging leef sodat sy oor haar liefde gekrenk en onseker gemaak word, sodat die man en sy sedelose vrou met hulle sedeloosheid vrylik kan aangaan asof dit ware liefde is. Omdat die Here Jesus ons van alle sondeskuld verlos het in sy veroordeling as sondaar aan die kruis, het Hy ons die arendsvlerke gegee om bokant hierdie staat van beskuldiging van die sedelose wêreld teen ons uit te styg, en in die glans van die Here se liefde Hom met vrymoedigheid te kan lief hê. Ps. 103: 3-14; Open. 12: 14. Ons as gelowiges weet dit is nie die Here wat sy vrou, die kerk aankla nie, maar die duiwel wat sy sedelose vrou (die goddelose wêreld) probeer verheerlik deur ons liefde vir God te probeer krenk. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Vrydag

Ps. 103: 3 – 14; Open. 12:1- 17; 17: 1- 6. Ons leef met die glans van God se liefde bokant enige staat van beskuldiging. In hierdie wêreld beskerm die Here ons ook teen die opbou van woede teen ons, omdat ons as kerk die vrou is vir wie God ons son en maan is. Die duiwel se vrou se vyandigheid teen die kerk word uitgebeeld deur die slang wat 'n stroom water uitspoeg sodat die kerk deur die vloedwater meegesleur moet word: die wêreldgemeenskap word met hierdie staat van beskuldiging teen die kerk opgesweepte om 'n vloed van verontwaardiging, woede, afkeur, grimmigheid en haat op te bou, en oor die kerk uit te stort. Hierdie stortvloed van afkeur en woede laat die duiwel afkom op hulle wat vashou aan die liefde vir die Here omdat hulle sonder enige sondeskuld leef. Hierdie stortvloed wat ons moes verswelg klink vandag só: ons is FUNDAMENTALISTIES in ons liefde vir die Here omdat ons Hom vir sy Woord vertrou; ons is ONWETENSKAPLIK in ons liefde vir ons naaste omdat ons sonde as sonde erken; ons is VEROORDELEND in ons liefde waarmee ons vir die Here straal; ons is NIE VERSOENINGSGESIND nie want ons wil nie die soort liefde, wat niks anders as 'n goue beker vol losbandigheid is nie, drink nie. Maar die Here wat ons vergewe, laat hierdie stortvloed versand. Hy is die Here wat sy skepping anders laat werk as die woede van die Bose. Daarom laat die Here sulke opbou van misplaasde woedes teen die kerk net wegraak in die werklikheid van die wyse waarop Hy die aarde bestuur. Ons het die oorwinning behaal: ons is die vrou wat straal van die liefde wat ons van die Here ontvang. Die Here is ons son en ons maan. Die Here het die mag van die Bose om ons in 'n staat van beskuldiging of in die hemel of op die aarde te laat leef en vernietig te word, totaal verbreek. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.